

Jesus Christus is ons verbond met God

Op sommige plekke in Jesaja is dit 'n vraag wie presies met die “Kneg van die Here” bedoel word. Op sommige plekke is dit koning Kores van die Perse (Jes 45:1). Op ander plekke is dit die volk Israel (Jes 49:3). In ons Skrifgedeelte is dit egter Jesus Christus self wat bedoel word. Van geen gewone mens of volk kan immers gesê word: “Ek sal ... jou my verbond met my volk maak” (vs 8) nie. Net deur Jesus Christus word ons spesiale verhouding met God 'n werklikheid. Christus vervul die *verpligtinge* van die verbond in ons plek; daarom is die *voorregte* van die verbond vir elkeen wat in Hom glo, beskikbaar.

Watter wonderlike voorregte is dit nie! Wie in Jesus Christus glo, word van sondeskuld en -slawerny bevry en begin op God se pad loop. Jesus Christus is immers dié weg! Hy is die weg wat tot die ewige lewe lei. Die weg (verhouding) met Hom word as 'n grootpad sonder opdraandes beskryf (vs 11). Selfs hoë struikelblokke (berge) word in die verhouding met Christus oorkom. By Christus is daar vryheid (vs 9a), versorging (vs 9b) en beskerming (vs 10).

Onthou dus: Jesus Christus self is jou verbond met God. Hy is self die Waarborg dat jy jou bestemming by God sal bereik. Dit is belangrik dat hierdie sekerheid nou al deel van jou lewe moet wees. Dan sal jy met blydschap kan reis. Jy sal kan reis terwyl jy sing (vs 13): “Jubel, hemel! Juig aarde! Sing vrolik, berge!”

Sing: Psalm 107:1-3 (2001)

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)